

BEGROTING 2020

www.treasury.gov.za | RSA Budget | #RSABudget2020 | n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

INFO

WAT IS DIE BEGROTING?

Die Minister van Finansies kondig jaarliks, gedurende Februarie, die regering se bestedings, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

HOE DIE BEGROTING OPGESTEL WORD?

1. Departementele riglyne wat aandui watter begrotingsinligting vereis word, word uitgereik
2. Departemente prioriseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-Generaal oorweeg voorstelle vir toekenning van fondse
5. Hulle maak aanbevelings aan die Ministersbegrotingskomitee
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debateer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



SUID-AFRIKA SE FISKALE TEKORT EN STYGENDE SKULD

Die openbare finansies is in 'n onvolhoubare posisie. Die regering bestee meer as wat die ekonomie kan bekostig, en leen teen 'n toenemende koers om die tekort te finansier.

Sedert die 2019 Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring (MTBPS) het die ekonomiese omgewing agteruit gegaan en BBP groei is tot 0.3 persent hersien. Inkomste projeksies is ook verlaag. Bestedingsdruk hou aan toeneem, veral as gevolg van finansiële nood by staatsbeheerde ondernemings.

Die MTBPS het in 2019 gewaarsku dat die gevolge om nie op te tree om volhoubare openbare finansies te herstel nie, diepgaande sou wees. Met verloop van tyd sal Suid-Afrika 'n onvermoë ondervind om die regering se maatskaplike

Suid-Afrika benodig strukturele hervorming wat baie vinniger ekonomiese groei sal verseker, ten einde die belastinginkomste wat vir maatskaplike en ontwikkelingsprogramme betaal, volhoubaar te laat groei.

en ekonomiese programme te befonds; toenemende skuld koste en rentekoerse; verswakte vertroue wat lei tot verlaagde belegging en steeds swakker ekonomiese groei wat die indiensnemingskrisis vererger; staatskulde wat opblaas; en 'n ekonomie wat nie op globale skokke kan reageer nie.

Om hierdie situasie te voorkom, beoog die regering om die staatsdiens loonrekening te

verminder, wat 'n totale besparing van ongeveer R160 miljard gedurende die volgende drie jaar tot gevolg sal hê. Hierdie vermindering behoort ook die kwaliteit van besteding te verbeter deur meer ruimte te skep vir besteding aan goedere en dienste en infrastruktuurbeleggings. Opsigself is hierdie ingryping nie voldoende nie. Ter voorbereiding van die 2020-begroting, het die regering dit oorweeg, maar teen addisionele belastinginkomste verhogings besluit.

Die belangrikste faktore in hierdie besluit was die swak ekonomie. Die regering se korttermyn fokus is om die kapasiteit van SAID en die vertroue van die publiek in die instelling te herbou.

Suid-Afrika benodig strukturele hervorming wat baie vinniger ekonomiese groei sal verseker, ten einde die belastinginkomste wat vir maatskaplike en ontwikkelingsprogramme betaal, volhoubaar te laat groei. Die dringendste hervorming is om te verseker dat alle ondernemings en huishoudings voldoende en betroubare elektrisiteitsvoorsiening het. Met verloop van tyd sal hoër ekonomiese groei die fiskale druk verminder deur inkomstebelastinginvordering te verhoog en Suid-Afrika se skuldvlakke te verlaag.



DIE IMPAK VAN ELEKTRISITEITSTEKORTE OP DIE EKONOMIE



BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

Suid-Afrika se finansies is in 'n baie onseker posisie. Daar is toenemende eise en nie genoeg hulpbronne nie. Besteding moet gehandhaaf word en moes soms toeneem as gevolg van toenemende maatskaplike verantwoordelikhede, terwyl die invordering van inkomste belasting onderpresteer het, wat veroorsaak dat die Regering meer moet leen.

Drastiese en buite-die-boks-denke is dringend nodig, maar dit sal 'n praktiese benadering van die regering, arbeid, sake- en die burgerlikesamelewing benodig. Suid-Afrikaners raak toenemend ongeduldig met die regering se besteding, veral oor die gebruik van belastingbetalersgeld om staatsbeheerde ondernemings finansiële te ondersteun namate hulle poog om finansiële selfonderhoudend te raak. Die 2020-begroting maak voorsiening vir 'n voortsetting van besteding aan die belangrikste maatskaplike programme van die regering, soos maatskaplike toelaes, gesondheid en basiese onderwys. Die begroting stel ook verskeie maatreëls voor om meer doeltreffende besteding te verseker. Ons werk daaraan om die besteding te beperk en die lewens van ons mense te verbeter. Ons werk aan 'n samelewing wat meer werkseleenthede sal skep en vermorsing sal beperk.

Ek doen 'n ernstige beroep op alle Suid-Afrikaners om veerkragtig te wees in die lig van hierdie uitdagings, en vertrou dat dit sal verbeter. Laastens eindig ek met 'n aanhaling van Mike Rawlings wat sê: "It may get worse before it gets better, but it will get better."

Na raming het die ekonomie in 2019 met slegs 0.3 persent gegroei. Sedert die 2019 MTBPS is die vooruitskattings vir 2020 tot 0.9 persent afwaarts hersien, wat tot net 1.6 persent in 2022 styg.

Daar word verwag dat elektrisiteitstekorte groei oor die volgende paar jaar sal beperk. Die regering werk daaraan om die uitdaging vir elektrisiteitstekorte op te los. Oor die volgende drie jaar sal die energie-uitgawes na verwagting R150 miljard beloop, wat 'n vyfde van die totale infrastruktuurbeasting uitmaak. R16.4 miljard is addisioneel

tot die Geïntegreerde Nasionale Elektrifiseringsprogram toegeken om ongeveer 560 000 nuwe aansluitings op die kragnetwerk oor die mediumtermyn te befonds. 15 000 bykomende huishoudings sal jaarliks met selfstandige kragstelselverbindinge voorsien word. Oor die mediumtermyn sal die regering R15.7 miljard aan munisipaliteite en Eskom oordra om hierdie program te finansier.

Die regering het begin om ekonomiese groei beperkinge met 'n reeks beleidsraamwerke en –maatreëls, aan te spreek. Die Departement van Minerale

Hulpbronne en Energie beoordeel voorstelle om 'n ekstra 3 000 MW krag op te wek en is besig om die skedule 2 regulasie wysigings te hersien wat selfgenerering vergemaklik. Die regering het Artikel 34 bepalinge uitgevaardig wat dit makliker maak vir munisipaliteite om elektrisiteit by onafhanklike kragprodusente (IPPs) te koop. Pogings word onderneem om die verskaffing van elektrisiteit van hernubare energie IPPs te bespoedig en noodkrag te bekom van diegene wat binne 3-12 maande na goedkeuring, krag aan die netwerk kan lewer. Daar word geskat dat bestaande IPPs ongeveer 200 MWs ekstra krag kan produseer.

STUITING VAN GEWELD TEEN VROU EN KINDERS

Die regering beplan om oor die mediumtermyn 58 nuwe howe vir seksuele misdrywe met aanklaers, en 5 bykomende Thuthuzela-sorgsentrusse, te vestig.

Die bestaande 46 agterstandshowe sal gebruik word om die agterstand van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoordsake te prioriseer en uit te wis. Ter ondersteuning van programme wat gerig is op die voorkoming van MIV en Vigs, dwelmmisbruik, geslagsgebaseerde geweld en vrouemoorde, sal die regering provinsiale departemente vir maatskaplike ontwikkeling verder finansier.





STEDELIKE PROGRAM PROJEK VOORBEREIDINGS-FASILITEIT

Om die ruimtelike transformasie van stede te versnel, sal die regering fokus op die beplanning van goedgeplaasde, gemengde-gebruik en gemengde-inkomste ontwikkelingsprogramme vir stede en Stedelike Netwerke vir sekondêre stede.

Die regering is van voorneme om 'n Stedelike Program Projekvoorbereidingsfasiliteit

(CIPPPF) te vestig. Die CIPPPF sal 'n toegewysde toekenning wees wat groot stedelike munisipaliteite ondersteun om effektiewe en doeltreffende programbestuur- en projekvoorbereidingspraktyke vir hul kapitaalbeleggingsprogramme te ontwikkel. Dit sal daarop gemik wees om die tempo van ruimtelike transformasie en werkskepping te verbeter, en sodoende armoede en ongelykheid te verminder.



REGERING WERK SAAM MET DIE BURGERLIKE SAMELEWING

In 2018 het die Nasionale Tesourie saam met die burgerlike samelewing aan die ontwikkeling van die Vulekamali aanlynportaal gewerk; 'n bekroonde aanlynportaal wat begrotingdeursigtigheid en openbare deelname bevorder.

Op 2 en 3 Maart 2020 is die Nasionale Tesourie die gasheer vir finansiële ministeries uit verskillende

lande om verdere deelnemende meganismes in die opstel van begrotings te ondersoek. Die driejaarlanse loodsprojek is daarop gemik om kapasiteit te verhoog vir implementering in die ministeries van finansies. 'n Oop uitnodiging waarin belangstellende deelnemers gevra word om aan die projek deel te neem, is op die webwerf van die Nasionale Tesourie en op sosiale media-platforms gepubliseer.

MAATSKAPLIKE TOELAES OM DIE ARMES TE BEVOORDEEL


In 2020/21, sal die regering die kinderonderhoudstoelae met R20 per maand; die pleegsorgtoelae met R40 per maand en die ouderdomstoelae met R80 per maand verhoog. Die totale aantal begunstigdes

sal na verwagting met byna een miljoen toeneem en teen 2022/23 ongeveer 19 miljoen bereik. Die kinderonderhoudstoelae ontvang die grootste getal begunstigdes, wat na raming 13,4 miljoen kinders is.


MAATSKAPLIKE TOELAES	2019/20	2020/21
STAATSOUDERDOMTOELAE	R1 780	R1 860
STAATSOUDERDOMTOELAE OUER AS 75	R1 800	R1 880
OORLOGSVETERANETOELAE	R1 800	R1 880
ONGESKIKTHEIDSTOELAE	R1 780	R1 860
PLEEGSORGTOELAE	R1000	R1 040
SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE	R1 780	R1 860
KINDERONDERHOUDSTOELAES	R425	R445

WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE SAL DIT IN 2020/21 BESTEE WORD


STAATSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2020/21



STAATSBESTEDING IN 2020/21



REGERINGS NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS AANDEEL VAN TOTALE UITGAWES



Nie-rente uitgawes is totale uitgawes deur die regering wat rente betalings op skuld uitsluit.

2020 BELASTING VOORSTELLE



PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2020-begroting maak voorsiening vir werklike verligting (meer as inflasie) deur belasbare inkomsterwe aan te pas en persoonlike inkomstebelastingkortings te verhoog. Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat belasting betaal, moet word is soos volg aangepas vir die belastingjaar vanaf 1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021.

BELASTINGDREMPELS	BELASTINGJAAR: 2019/20	BELASTINGJAAR: 2020/21
Onder die ouderdom van 65	R79 000	R83 100
Ouderdom 65 tot 74	R122 300	R128 650
Ouderdom 75 en ouer	R136 750	R143 850

Die nuwe belasting drempel vir individuele belasting betalers is as volg:

BELASTINGKORTINGS	BELASTINGJAAR: 2019/20	BELASTINGJAAR: 2020/21
Primêr (ouderdom onder 65)	R14 220	R14 958
Sekondêr (ouderdom 65 en ouer)	R7 794	R8 199
Tersiêr (ouderdom 75 en ouer)	R2 601	R2 763

Sondebelasting

TOENAME IN BELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drankies en tabakprodukte sal met tussen 4.4 en 7.5 persent verhoog.

	VERHOOG MET:
Moutbier	8c per 340ml blikkie
Ongefortifiseerde wyn	14 c per 750ml bottel
Gefortifiseerde wyn	23c per 750ml bottel
Vonkelwyn	61c per 750ml bottel
Appelbier en alkoholiese vrugte drankies	8c per 340ml blikkie
Sterk drank	R2.89 per 750 ml bottel
Sigarette	74c per pakkie van 20
Sigarettabak	82c per 50g
Pyptabak	40c per 25g
Sigare	R6.73 per 23g

Brandstofheffings

TOENAMES IN BRANDSTOFHEFFINGS

Die algemene brandstofheffing gaan met 16 sent per liter toeneem en die padongelukkefondsheffing sal toeneem met 9 sent vanaf 1 April 2020. Dit verhoog:

- Die algemene brandstofheffing na R3.70 per liter brandstof en R3.55 per liter diesel
- Die padongelukkefondsheffing na R2.07 per liter, beide vir petrol en diesel

Omgewingsbelasting

TOENAME IN PLASTIESE SAK HEFFING

Die plastiese sak heffing sal vanaf 12c na 25c per sak toeneem op 1 April 2020.

BELASTINGSKALE

BELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belasting betaalbaar deur individue vir die belastingjaar wat eindig tussen 1 Maart 2020 en 28 Februarie 2021.

Belasbare inkomste (R)	Belasting betaalbaar (R)
0 tot 205 900	18% van belasbare inkomste
205 901 tot 321 600	37 062 + 26% % van belasbare inkomste hoër as 205 900
321 601 tot 445 100	67 144 + 31% % van belasbare inkomste hoër as 321 600
445 101 tot 584 200	100 429 + 36% % van belasbare inkomste hoër as 445 100
584 201 tot 744 800	155 505 + 39% % van belasbare inkomste hoër as 584 200
744 801 tot 1 577 300	218 139 + 41% % van belasbare inkomste hoër as 744 800
1 577 301 en hoër	559 464 + 45% % van belasbare inkomste hoër as 1 577 300
Trusts, uitgesluit spesiale trusts	Belastingkoers 45%

INKOMSTE BELASTING: MAATSKAPPE

Finansiële jaar wat eindig op enige datum tussen 1 April 2020 en 31 Maart 2021.

Tipe	Belastingkoers (R)
Maatskappye	28% van belasbare inkomste

INKOMSTE BELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

Finansiële jaar wat eindig op enige datum tussen 1 April 2020 en 31 Maart 2021.

Belasbare inkomste (R)	Belastingkoers (R)
0 – 83 100	0% van belasbare inkomste
83 101 – 365 000	7% belasbare inkomste hoër as 83 100
365 001 – 550 000	19 733 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000
550 001 en hoër	58 583 + 28% van die bedrag hoër as 550 000

OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jaar wat eindig op enige datum tussen 1 Maart 2020 en 28 Februarie 2021.

0 – 335 000	0% van belasbare inkomste
335 001 – 500 000	1% van belasbare inkomste hoër as 335 000
500 001 – 750 000	1 650 + 2% van belasbare inkomste hoër as 500 000
750 001 en hoër	6 650 + 3% van belasbare inkomste hoër as 750 000

Hereregte

AFNAME IN HEREREGTE

Vanaf 1 Maart 2020 is aangepaste tariewe van toepassing op die verkryging van eiendom

Waarde van eiendom (R)	Tarief (R)
0 – 1 000 000	0%
1 000 001 – 1 375 000	3% van eiendoms waarde hoër as R1 000 000
1 375 001 – 1 925 000	11 250 + 6% van eiendoms waarde hoër as R1 375 000
1 925 001 – 2 475 000	44 250 + 8% van eiendoms waarde hoër as R1 925 000
2 475 001 – 11 000 000	88 250 + 11% van eiendoms waarde hoër as R2 475 000
11 000 001 en hoër	1 026 000 + 13% van eiendoms waarde hoër as R11 000 000